Suiderkruis Gemeente

Ons leef in ‘n wêreld wat vinnig en baie verander en ons elkeen (persoonlik, skole, kerke, besighede) moet heeltyd aanpas sodat ons dit wat ons doen beter kan doen. Ons twee grootste uitdagings in die gemeente is om te besluit hoe ons in die volgende jare die Here se kerk gaan wees (**roeping**) en hoe ons **personeel/strukture** moet lyk om hierdie roeping die beste te kan doen. Ons moet in die volgende maande iemand aanstel, maar ons moet eers besluit wat ons roeping is, hoe ons bedieninge lyk, en watter soort pos ons moet skep om dit aan te spreek. In die afgelope weke het die visionêre taakspan weekliks vergader en met dr. Bertie Hanekom se hulp hieroor nagedink. Nou wil ons graag vir elke gemeentelid die kans gee om sy/haar opinie ook te gee en vir ons hiermee te help. Voltooi asb die vormpie hieronder en gee dit terug aan die diaken.

Ons droom (visie): Ons wil ‘n missionêre gemeente wees.

Dit beteken die volgende:

- □ Elke lidmaat/ledemaat word geroep en gestuur om te dien.
- □ Elke lidmaat moet gaan leef en liefhê in God se wêreld—soos Jesus ons geleer het.
- □ Elke lidmaat moet Jesus se hande, voete en gesig gaan wees.
- □ Elke lidmaat moet die Evangelie-boodskap bring met Woord, daad en brood.

Merk hierbo met ‘n regmerkie watter een beskryf ons droom vir jou die beste?

Enige ander voorstel: ……

Ons waardes (dit wat vir elke lidmaat belangrik behoort te wees):

- □ Rentmeesterskap (verantwoording)
- □ Leefstyl (vrug van die Gees—Gal 5:22)
- □ Diensbaarheid (om te dien)
- □ Woord (ons staan op die Woord)
- □ Versoening (met God en mense)
- □ Genade (ontvang en uitdeel)

Merk hierbo met regmerkies watter waardes jy jouself identifiseer en sal nastreef?

Enige ander voorstel: ……

Persoonlike inligting (opsioneel):

Naam en Van:
Ouderdom:
Selnommer:
Epos:
Ander kommentaar/voorstelle: